basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2022

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE AMERIKAANSE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

   VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE TRUMAN-LEER VANAF 1947 TOT KOUE OORLOG-SPANNNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) BYGEDRA?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Gee TWEE redes in die bron waarom Truman vasbeslote was om 'n onversetlike houding teenoor die Sowjette in te neem. (2 x 1) (2)

1.1.2 Definieer die konsep *insluiting* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.3 Verduidelik wat met die stelling, 'Truman het besluit dat dit tyd was dat Amerika die rol van wêreldleier oorneem', in die konteks van die Truman-leer geïmpliseer word. (2 x 2) (4)

1.1.4 Lewer kommentaar op waarom jy dink kommunisme as 'n dreigende 'onkeerbare virus' vir naburige Europese nasies beskou is. (1 x 2) (2)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Noem VIER versoeke in die bron waarvoor Truman by die Kongres magtiging wou kry om Griekeland en Turkye by te staan. (4 x 1) (4)

1.2.2 Verduidelik die konsep *totalitêre regimes* in die konteks van die Truman-leer. (1 x 2) (2)

1.2.3 Wat, dink jy, het Truman bedoel met die stelling, 'Die saad van totalitêre regimes word deur ellende en behoefte gevoed', met betrekking tot die verspreiding van kommunisme na Europa? (1 x 2) (2)

1.2.4 Haal TWEE redes uit die bron aan waarom die Verenigde State van Amerika nie kon wankel (misluk) in hulle ondersteuning van die 'vrye mense van die wêreld' nie. (2 x 1) (2)

1.3 Gebruik Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik die boodskappe wat in die spotprent oor die Koue Oorlog-spanning vanaf 1947 tussen die VSA en die Sowjetunie oorgedra word. (2 x 2) (4)

1.3.2 Lewer kommentaar op die beperkings van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat navorsing oor kommunisme doen. (2 x 2) (4)

1.4 Bestudeer Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1B die inligting in Bron 1C ondersteun met betrekking tot die bystand wat die Verenigde State van Amerika aan Europa gegee het om die verspreiding van kommunisme te stuit (in te sluit). (2 x 2) (4)

1.5 Raadpleeg Bron 1D.

1.5.1 Noem enige TWEE lande in die bron wie se partye in 1947 lede van Kominform was. (2 x 1) (2)

1.5.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die Truman-leer teen die somer van 1947 'n bedreiging vir die Kominform geword het. (1 x 2) (2)

1.5.3 In die konteks van die Koue Oorlog, wie, volgens die Kominform, het die volgende twee vyandige kampe verteenwoordig?

(a) Imperialistiese, antidemokratiese kamp (1 x 2) (2)

(b) Anti-imperialistiese, demokratiese kamp (1 x 2) (2)

1.5.4 Wat, volgens die bron, het 'n hoofartikel in die *Pravda*-koerant met betrekking tot die Kominform bevestig? Gee TWEE antwoorde. (2 x 1) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die Truman-leer vanaf 1947 tot Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie bygedra het. (8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE STATISTIEK (INLIGTING MET GETALLE GETOON) DEBATTE EN OMSTREDENHEDE OOR DIE UITKOMS VAN DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE (1987–1988) GESKEP?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Wat, volgens die bron, was die TWEE doelwitte van Operasie Modulêr tydens die Slag van Cuito Cuanavale? (2 x 1) (2)

2.1.2 Definieer die term *tussentydse regering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.3 Noem TWEE magte in die bron wat by die geveg langs die Lombarivier slaags geraak het. (2 x 1) (2)

2.1.4 Verduidelik die implikasie van die stelling, '… die Angolese het na Cuito Cuanavale teruggetrek en die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) het die rivieroewer beleër', in die konteks van die geveg langs die Lombarivier. (2 x 2) (4)

2.1.5 Waarom, dink jy, het die Angolese regering die Kubane versoek om hulle te help om Cuito Cuanavale te verdedig? (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Identifiseer in die bron die getal tenks wat aan die kant van die volgende verwoes is:

(a) Kuba/FAPLA (1 x 1) (1)

(b) SAW (1 x 1) (1)

2.2.2 Wat stel die getal logistieke voertuie verwoes (389 vir FAPLA en slegs 1 vir die SAW) oor die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale voor? (1 x 2) (2)

2.2.3 Verduidelik of 'n geskiedkundige hierdie bron moontlik as betroubaar kan beskou wanneer navorsing gedoen word oor die verliese wat deur die Kubaanse/FAPLA- en SAW-magte tydens die Slag van Cuito Cuanavale gely is. (2 x 2) (4)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Haal TWEE redes uit die bron aan wat Vladimir Korolkov gegee het vir verwerping van Generaal Geldenhuys se statistiek oor die verliese wat deur Suid-Afrikaners gely is. (2 x 1) (2)

2.3.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarom Korolkov oortuig was dat Generaal Geldenhuys die bedreiging van Fidel Castro in die Slag van Cuito Cuanavale geminimaliseer het. (2 x 2) (4)

2.3.3 Verduidelik die term *akkoord* in die konteks van die beëindiging van die Slag van Cuito Cuanavale. (1 x 2) (2)

2.4 Verwys na Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B verskil van die bewyse in Bron 2C oor verliese wat tydens die Slag van Cuito Cuanavale gely is. (2 x 2) (4)

2.5 Raadpleeg Bron 2D.

2.5.1 Gee enige TWEE argumente in die bron oor die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale. (2 x 1) (2)

2.5.2 Verduidelik waarom objektiewe waarnemers geglo het dat die Slag van Cuito Cuanavale as 'n taktiese militêre dooiepunt geëindig het. (2 x 2) (4)

2.5.3 Waarom, volgens die bron, het Nelson Mandela Fidel Castro in 1991 tydens sy besoek aan Kuba bedank? (1 x 2) (2)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe statistiek (inligting met getalle getoon) debatte en omstredenhede oor die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale (1987–1988) geskep het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: WAT WAS DIE UITDAGINGS WAARVOOR BURGERREGTE-BETOGERS WAT IN MAART 1965 AAN DIE SELMA-NA-MONTGOMERY-OPTOGTE DEELGENEEM HET, TE STAAN GEKOM HET?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Maak 'n lys van DRIE organisasies in die bron wat op 2 Januarie 1965 aan die stemregveldtog in Selma deelgeneem het. (3 x 1) (3)

3.1.2 Definieer die term *stemregveldtog* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.3 Waarom, dink jy, het slegs twee persent van die plaaslike swartes op die kieserslys in Selma verskyn? (1 x 2) (2)

3.1.4 Noem TWEE leiers in die bron wat op 7 Maart 1965 die optog van Selma na Montgomery gelei het. (2 x 1) (2)

3.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe betogers deur die mediadekking van die 'Bloedige Sondag'- ('Bloody Sunday')insident bevoordeel is. (1 x 2) (2)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

3.2.1 Gee TWEE redes in die bron wat Majoor Cloud gegee het vir waarom die optog op 7 Maart 1965 nie kon plaasvind nie. (2 x 1) (2)

3.2.2 Verduidelik die implikasie van die stelling, 'Daar sal geen gepratery wees nie', in die konteks van Majoor Cloud se houding teenoor die aktiviste. (1 x 2) (2)

3.2.3 Lewer kommentaar op waarom jy dink die Staatspolisiemanne afbrekende woorde gebruik het toe hulle die betogers tydens die eerste optog van Selma na Montgomery toegespreek het. (2 x 2) (4)

3.2.4 Noem DRIE effekte in die bron wat die traangas wat deur die Staatspolisiemanne gegooi is, op die optoggangers gehad het. (3 x 1) (3)

3.3 Gebruik Bron 3A en 3B. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3A die inligting in Bron 3B ondersteun oor hoe die Staatspolisiemanne op 7 Maart 1965 die betogers tydens die Selma-na-Montgomery-optog behandel het. (2 x 2) (4)

3.4 Lees Bron 3C.

3.4.1 Waarom, volgens die bron, het die Alabama-koerante die Staatspolisiemanne gekritiseer? (1 x 2) (2)

3.4.2 Verduidelik die konsep *burgerregte* in die konteks van die Selma-na-Montgomery-optog in 1965. (1 x 2) (2)

3.4.3 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die voorbereidings vir die tweede Selma-na-Montgomery-optog op 9 Maart 1965 navors. (2 x 2) (4)

3.5 Bestudeer Bron 3D.

3.5.1 Verduidelik die boodskappe wat deur hierdie foto oorgedra word. (2 x 2) (4)

3.5.2 Waarom sou jy hierdie foto as ikonies (simbolies) met betrekking tot burgerlike verset beskou? (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik wat die uitdagings was waarvoor burgerregtebetogers, wat in Maart 1965 aan die Selma-na-Montgomery-optogte deelgeneem het, te staan gekom het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae in hierdie afdeling NIE.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die Verenigde State van Amerika het die oorlog in Viëtnam (1962 tot 1975) verloor as gevolg van onkonvensionele guerrilla-oorlogvoeringstrategieë en omgewingsfaktore op die slagveld.

Stem jy met die stelling saam? Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Bespreek krities die doeltreffendheid van Mobutu Sese Seko se sosio-ekonomiese en politieke beleide met die ontwikkeling van die Kongo na onafhanklikheid van Belgiese koloniale regering in die 1960's verkry is. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate verskillende rolspelers suksesvol was om die Swartmag-filosofie te gebruik om in die 1960's diskriminasie teen swart Amerikaners in die Verenigde State van Amerika te beëindig. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2022

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 1: HOE HET DIE TRUMAN-LEER VANAF 1947 TOT KOUE OORLOG-SPANNNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) BYGEDRA?**

**BRON 1A**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n artikel met die titel 'Truman Doctrine for APUSH' ('Truman-leer vir APUSH')' deur dr. J Roy, 'n Geskiedenis-onderwyser vir die Advanced Placement US History Programme (APUSH). Dit het op 22 Februarie 2019 verskyn. Die uittreksel verduidelik hoe die Truman-leer in 1947 ontstaan het.

Waar die Sowjetunie vroeër 'n Tweede Wêreldoorlog-bondgenoot (-vriend) van Amerika was, was hulle vinnig besig om oral in die wêreld 'n werklike bedreiging vir demokrasie te word. Die verspreiding van kommunisme is as die gevaarlikste bedreiging vir wêreldstabiliteit beskou en Truman was vasbeslote om 'n onversetlike houding teenoor die Sowjette in te neem. Die Amerikaanse diplomaat en geskiedkundige, George Kennan, het die idee van insluiting (stuiting) voorgestel; hierdie konsep sou die sentrale punt van die Truman-leer word. Insluiting (Stuiting) was die konsep om teendruk ('counterpressure') op elke politieke, militêre of ekonomiese deurbraak (vordering), waar en wanneer die Sowjette dit ook al probeer maak het, toe te pas.

Alhoewel dit nie 'n totaal nuwe idee was nie, is dit nie voor Maart 1947, ná 'n presidensiële toespraak deur Truman vir die Kongres, as 'n ernstige beoogde buitelandse beleid beskou nie. As gevolg van hulle eie binnelandse probleme het Engeland aangekondig dat hulle nie kon voortgaan om Griekeland en Turkye, wat demokraties en strategies geleë was, militêr en ekonomies te ondersteun nie. Truman het besluit dat dit tyd was dat Amerika die rol van wêreldleier oorneem, 'n rol wat deur die kwynende Britse Ryk vakant gelaat is.

Die Truman-leer is gegrond op die beginsel van die insluiting (stuiting) van kommunisme waar dit alreeds bestaan het en om dit nie toe te laat om soos 'n onkeerbare virus na naburige Europese nasies te versprei nie.

[Uit https://apprend.io/apush/period-8/Truman-doctrine.
Toegang op 11 Februarie 2022 verkry.]

**BRON 1B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat op 12 Maart 1947 deur Sir Harry Truman (President van die Verenigde State van Amerika) vir die Kongres gelewer is. Dit beskryf kortliks hoe die VSA die verspreiding van kommunisme in Oos-Europa wou stuit (insluit) deur Griekeland en Turkye finansieel en militêr te ondersteun.

Behalwe fondse, vra ek die Kongres om die besonderhede (details) van Amerikaanse burgerlike en militêre personeel wat in Griekeland en Turkye met heropboutake hulp gaan verleen en ook oor finansiële en materiële bystand, soos verskaf, toesig gaan hou, op versoek van daardie lande, te magtig (goed te keur). Ek beveel aan dat magtiging ook vir die onderrig en opleiding van uitgesoekte Griekse en Turkse personeel verleen sal word.

Ten slotte, versoek ek dat die Kongres magtiging sal verleen wat die vinnigste en doeltreffendste gebruik van kommoditeite, voorraad, toerusting van sodanige gemagtigde fondse sal bewerkstellig.

Die bystand wat ek vir Griekeland en Turkye aanbeveel, kom op 'n bietjie meer as 1 tiende van 1 persent van hierdie belegging neer. Dit is verstandig om hierdie belegging te beskerm en seker te maak dat dit nie sinloos was nie.

Die saad van totalitêre regimes word deur ellende en behoefte gevoed (gesteun). Dit versprei en groei in die bose grond van armoede en onenigheid (twis). Dit bereik volle wasdom wanneer mense se hoop op 'n beter lewe gesterf het. Ons moet daardie hoop lewendig hou.

Die vrye mense van die wêreld sien na ons op vir steun om hulle vryhede te behou.

Indien ons in ons leierskap sou wankel (misluk), kan ons wêreldvrede in gevaar stel – en ons sal sekerlik die welsyn van ons eie nasie in gevaar stel.


Ons dra groot verantwoordelikhede as gevolg van die vinnige verloop van gebeurtenisse.

Ek vertrou dat die Kongres hierdie verantwoordelikhede openhartig die hoof sal bied.

[Uit *Proclaiming the Truman Doctrine: The Cold War Call to Arms* deur DM Bostdorff]

**BRON 1C**

Die spotprent hieronder is deur Mark Hill, 'n Amerikaanse spotprenttekenaar, en dit toon President Truman van die Verenigde State van Amerika wat te midde van 'n bedreiging deur die 'VIRUS VAN KOMMUNISME' Europa finansieel en militêr ondersteun.




[Uit https://apprend.io/apush/period-8/Truman-doctrine. Toegang op 11 Februarie 2022 verkry.]

**BRON 1D**

The bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n artikel met die titel 'The Stalinist Image of Canada: The Cominform and Soviet Press, 1947–1955' en dit het in die *Labour/Le Travailleur Journal* (Lente 1988) verskyn. Dit lê klem op waarom die Kominform gestig is en hoe dit op die Truman-leer gereageer het.

Die Informasieburo van die Kommunistiese en Werkerspartye (Kominform) is gedurende vergaderings tussen 22 en 27 September 1947 in Szlarska Poreba, Pole, gestig. Dit het nege stigtingspartye uit die USSR, Joego-Slawië, Bulgarye, Roemenië, Hongarye, Pole, Tsjeggo-Slowakye, Italië en Frankryk gehad. Die Kominform, soos wat die organisasie later genoem is, het vir openbare rekord slegs vyf konferensies gehou …

Die geleentheid van die vergadering in September 1947 was 'n treffende verskuiwing in die geluk van kommunistiese partye in Wes-Europa. Tot vroeg in 1947 het Kommuniste tot mag in koalisieregerings in Frankryk, Italië en België toegang gehad, 'n feit wat tot voordeel van die verenigde frontbeleide was …

Die Truman-leer is egter teen die somer van 1947 afgekondig en die magtige Franse, Italiaanse en Belgiese partye is uit koalisieregerings verwyder. Herorganisasie was nodig. Party van die afgevaardigdes na die Kominform-vergaderings was prominent in die Komintern; andere was bekend vir aktiwiteite in hulle eie lande of het mekaar leer ken terwyl hulle in ballingskap in die USSR was.

… Die kern van die Kominform-posisie is in die herfs van 1947 in verskeie kennisgewings aangebied. Die eerste was 'n communiqué (amptelike mededeling) op 4 Oktober 1947 wat die wêreld in twee onveranderlike (vaste) vyandige kampe verdeel het: die 'imperialistiese, antidemokratiese kamp' en die 'anti-imperialistiese, demokratiese kamp'. Die tweede was in die vorm van 'n hoofartikel in *Pravda* (10 Oktober 1947) wat die stigting van die Kominform en die rol daarvan as 'n organisatoriese bastion (versterking) teen 'n aggressief vyandige, anti-sosialistiese veldtog wat deur Amerika gelei is, bevestig het.

[Uit 'The Stalinist Image of Canada: The Cominform and Soviet Press, 1947–1955', *Labour/Le Travailleur Journal,* Vol. 21 (Spring 1988) deur JL Black]

## VRAAG 2: HOE HET DIE STATISTIEK (INLIGTING MET GETALLE GETOON) DEBATTE EN OMSTREDENHEDE OOR DIE UITKOMS VAN DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE (1987–1988) GESKEP?

### BRON 2A

Die bron hieronder is uit 'n boek met die titel *The Siege of Cuito Cuanavale* deur H Campbell. Dit werp lig op mededingende botsings tussen die People's Armed Forces of Liberation of Angola (FAPLA) en die National Union for the Total Independence of Angola/Suid-Afrikaanse Weermag (UNITA/SAW) gedurende die Slag van Cuito Cuanavale (1987–1988).

Die doel van Operasie Modulêr was om die militêre vesting van die Angolese by Menongue in te neem (beheer oor te neem) en om 'n tussentydse regering van die National Union for the Total Independence of Angola (UNITA) in Angola daar te stel. Dit was veronderstel om UNITA se beeld in die VSA 'n hupstoot te gee en om geloofwaardigheid te verleen aan die idee dat UNITA tweederdes van Angola onder hulle beheer gehad het.

'n Belangrike slag/geveg het langs die Lombarivier plaasgevind toe die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) met die magte van die People's Armed Forces of Liberation of Angola (FAPLA) slaags geraak het, beide met aanvalswapens. Na 'n hewige (kragtige) geveg het die Angolese na Cuito Cuanavale teruggetrek en die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) het die rivieroewer beleër (ingesluit). Die bevelvoerders van die SAW het gedink dat hulle FAPLA tydens hulle terugtog sou oorrompel, maar teen die einde van Desember het die Suid-Afrikaners meer as 230 soldate verloor en UNITA meer as 1 000. Die Suid-Afrikaners het meer as 41 vliegtuie, drie helikopters en meer as 31 voertuie verloor.

Die generaals moes in werklikheid saam met die 9 000 troepe veg wat op die oewer van die Cuitorivier was terwyl die Angolese georganiseer het om 'n verdedigingsoorlog te veg. Van nog meer belang is dat toe die President van Suid-Afrika na die front in Angola gereis het, die Angolese die Kubane se hulp gevra om Cuito Cuanavale te verdedig. Die Angolese was in Cuito Cuanavale vasgevang terwyl die SAW 'n geweldige bombardering uitgevoer het. Maar in hierdie geval was die radar-(stelsel om die teenwoordigheid, rigting, afstand en spoed van vliegtuie te bespeur)-verdedigingslinie van die Angolese in werking en die Suid-Afrikaners was op die oewer van die Cuitorivier besig om Cuito Cuanavale sonder lugdekking te bombardeer .

[Uit *The Siege of Cuito Cuanavale* deur H Campbell]

**BRON 2B**

Die tabel hieronder is uit 'n boek met die titel *THE SADF IN THE BORDER WAR 1966–1989* deur 'n akademikus, Leopold Scholtz. Dit bevat statistiek wat deur Generaal Jannie Geldenhuys, 'n SAW-leier, verskaf is. Dit beskryf in breë trekke 'n vergelyking van skade aan die artillerie wat gedurende die Slag van Cuito Cuanavale deur die twee strydende partye (SAW en KUBA/FAPLA) gely is.

| ***ARTILLERIE** | **KUBA/FAPLA** | **SAW** |
|---|---|---|
| Tenks verwoes | 94 | 3 |
| Gepantserde voertuie | 100 | 5 |
| Vuurpylrigters | 34 | 0 |
| Artilleriegewere | 9 | 0 |
| Logistieke voertuie verwoes | 389 | 1 |
| Missielstelsels | 15 | 0 |
| Soldate gesterf | 4 785 | 31 |
| Gewond | 10 070 | 90 |
| Vliegtuie afgeskiet | 18 | 2 |
| Helikopters | 9 | 0 |

[Uit *THE SADF IN THE BORDER WAR 1966–1989* deur L Scholtz]

*In hierdie konteks sluit artillerie die soldate wat gesterf het en gewond is, in.

Kopiereg voorbehou 

**BRON 2C**

Hierdie weergawe van die Slag van Cuito Cuanavale deur 'n Russiese soldaat, Vladimir Anatoliyevich Korolkov, wat tussen 1986 en 1988 krygsdiens verrig het in die suide van Angola, kom uit die boek, *The Bush War: The Road to Cuito Cuanavale,* deur G Shubin. Dit fokus op die standpunte oor Generaal Geldenhuys en die statistiek van beskadigde artillerie gedurende die Slag van Cuito Cuanavale.

Ek wil nie Generaal Geldenhuys (wat nie net deur sy landgenote nie, maar ook deur sy voormalige vyande gerespekteer word), beledig nie, maar, om dit sagkens te stel, haal hy verkeerde data oor die verliese van die Suid-Afrikaners aan, spesifiek oor die vliegtuie. Hy noem nie die swaar verliese van UNITA-troepe (honderde van hulle het elke dag in Maart 1988 gedurende belangrike gevegte naby Cuito Cuanavale gesterf) en die South West African Territorial Force (SWATF) nie, maar slegs dié van die SAW, 'n formasie van slegs 40 mans.

Boonop gooi hy, opsetlik of onopsetlik, FAPLA saam met die Kubane, en verder onthou hy nie eers SWAPO nie – drie weermagte met baie groot verskille ten opsigte van hulle vlakke van voorbereiding en vermoë om te veg. Hy minimaliseer ook die bedreiging van Fidel Castro om die hele Namibië te beset om die uitkoms van die oorlog uit die weg te ruim. Castro het teen Maart 1988 oorweldigende militêre superioriteit ten opsigte van getalle en vermoëns, beide op land en see, getoon.

Die SAW is ook ná Cuito Cuanavale in April–Junie 1988 in verskeie taamlik onbekende gevegte deur die Kubane verslaan. Die Suid-Afrikaners het begin om brûe op die Namibiese grens op te blaas ná die Kubaanse aanval vanaf Cahama in suidelike Angola in die rigting van die Namibiese grens. Hierdie aanval is deur ongeveer 700 tot 800 Kubaanse tenks, 40 000 militêre personeel en 60–70 vegvliegtuie gesteun. Die Suid-Afrikaners het twee keuses gehad – om deur die Kubane uit Namibië geskop te word of om die vredesooreenkoms te teken wat Namibiese onafhanklikheid sou aankondig (toon) en hulle sou toelaat om sonder verlies van aansien terug te trek. Suid-Afrikaanse politieke en militêre owerhede het die akkoord (vredesooreenkoms) geteken en hulleself as die politieke en militêre oorwinnaars verklaar.

[Uit *The Bush War: The Road to Cuito Cuanavale* deur G Shubin et al.]

**BRON 2D**

Die bron hieronder, wat in die *Conversation* verskyn het, verduidelik die twispunte (weersprekende argumente) oor die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale in 1988.

Daar is steeds hewige (sterk) argumente oor hoe belangrik die slag/geveg was, wie gewen het en of die Suid-Afrikaanse Weermag werklik oorwin is. Die feit dat diegene wat in die slag geveg het sulke wyd uiteenlopende interpretasies van die belangrikheid daarvan sou hê, is nie 'n verrassing nie.

Die African National Congress (ANC) en hulle leier, Nelson Mandela, die Kubane en die Angolese regering het beweer dat die Suid-Afrikaanse weermag beslissend verslaan is. Die doelwit van die Suid-Afrikaanse regering was om die sosialisties georiënteerde Angolese regering te verswak, hulle te verhinder om die ANC te ondersteun en om te keer dat die Namibiese guerrillas van die Suidwes-Afrikaanse Volksorganisasie (SWAPO) Namibië, wat deur Suid-Afrika beset is, binnegaan.

Maar baie Suid Afrikaners wat in Angola geveg het, sweer dat hulle nooit verslaan is nie, soos wat Suid-Afrikaanse skrywer en akademikus, Leopold Scholtz, in sy boek oor die slag opgeteken het.

Objektiewe waarnemers verklaar dat die einde 'n taktiese militêre dooiepunt tussen die geallieerde magte aan beide kante was. Maar dit was 'n dooiepunt wat tot belangrike strategiese omwentelings (veranderinge) met groot gevolge vir die hele streek gelei het; dit het gelei tot die onafhanklikheid van Namibië, die onttrekking van Suid-Afrikaanse en Kubaanse magte uit Angola en die uiteindelike afbreking van apartheid. Nelson Mandela het die gevolg van die slag geprys tydens 'n besoek aan Kuba in 1991 om Fidel Castro vir die ondersteuning van die vryheidstryd in suidelike Afrika te bedank.

[Uit https://theconversation.com/its-30-years-since-cuito-cuanavale-how-the-battle-redefined-southern-africa-78134. Toegang op 3 Februarie 2022 verkry.]

**VRAAG 3: WAT WAS DIE UITDAGINGS WAARVOOR BURGERREGTE-BETOGERS WAT IN MAART 1965 AAN DIE SELMA-NA-MONTGOMERY-OPTOGTE DEELGENEEM HET, TE STAAN GEKOM HET?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder beskryf kortliks redes vir die eerste Selma-na-Montgomery-optog op 7 Maart 1965 in die Verenigde State van Amerika. Dit lê ook klem op waarom daarna as Bloedige Sondag ('Bloody Sunday') verwys word.

Martin Luther King Jr. en die Southern Christian Leadership Conference (SCLC) het op 2 Januarie 1965 by die Student Non-Violent Coordinating Committee (SNCC), die Dallas County Voters League en ander plaaslike Afro-Amerikaanse aktiviste in 'n stemregveldtog in Selma aangesluit waar, ten spyte van herhaalde pogings deur plaaslike swartes om te registreer, slegs twee persent op die kieserslys was. Die SCLC het verkies om op hulle pogings in Selma te fokus omdat hulle voorsien het dat die berugte (veragtelike) wreedheid van plaaslike wetstoepassingsbeamptes, onder leiding van Sheriff Jim Clark, nasionale aandag sou lok en President Lyndon B Johnson en die Kongres onder druk sou plaas om nuwe nasionale stemregwetgewing uit te vaardig …

In reaksie op Jackson se dood ('n burgerregte-aktivis) het aktiviste in Selma en Marion op 7 Maart vanaf Selma na die staatskongresgebou in Montgomery met 'n optog begin. Terwyl King in Atlanta was, het sy SCLC-kollega, Hosea Williams, en SNCC-leier, John Lewis, die optog gelei. Die optoggangers het deur Selma oor die Edmund Pettus-brug gevorder waar hulle teen 'n blokkade van Staatspolisiebeamptes ('State Troopers') en plaaslike wetstoepassingsbeamptes, deur Clark en Majoor John Cloud aangevoer, te staan gekom het wat die optoggangers beveel het om uitmekaar te gaan. Toe hulle dit nie doen nie, het Cloud sy manne beveel om op te ruk. Aangehits deur wit bystanders, het die polisiebeamptes die skare met knuppels en traangas aangeval. Berede polisie het vlugtende optoggangers gejaag en aangehou om hulle te slaan. Televisiedekking van Bloedige Sondag ('Bloody Sunday'), soos wat die gebeurtenis bekend geword het, het nasionale verontwaardiging (woede) veroorsaak (begin).

[Uit https://www.politico.com/story/2018/03/07/this-day-in-politics-march-7-1965-437394.
Toegang op 6 Februarie 2022 verkry.]

**BRON 3B**

Die uittreksel hieronder is uit 'n gedeelte van John Lewis (voorsitter van die Student Non-Violent Coordinating Committee – SNCC) se getuienis in 'n federale verhoor wat binne 'n week na die Bloedige Sondag-('Bloody Sunday')insident plaasgevind het. Dit gee 'n beskrywing van hoe die eerste optog van Selma af gestop is en die optoggangers beveel is om uitmekaar te gaan.

PROKUREUR HALL: Wat het toe gebeur?

JOHN LEWIS: Hy het gesê: 'Ek is Majoor Cloud, en dit is 'n onwettige byeenkoms. Hierdie betoging sal nie voortgaan nie. Julle is deur die Goewerneur verban. Ek gaan julle beveel om uitmekaar te gaan.' Mnr. Williams ('n SCLC-aktivis) het gesê: 'Mnr. Majoor, ek wil graag iets sê, kan ons iets sê?' En hy het gesê: 'Nee, ek gee julle twee minute om te gaan.' Mnr. Williams het weer gesê: 'Kan ek praat?' Hy het gesê: 'Daar sal geen gepratery wees nie.' En ongeveer 'n minuut of meer later het Majoor Cloud die Staatspolisiebeamptes beveel om op te ruk en hulle het stelling ingeneem, ek dink, en hulle het vorentoe beweeg met hulle knuppels omhoog … naby hulle skouers, die boonste deel van die lyf; hulle het ingestorm, ons platgeloop en ons gestamp.

PROKUREUR HALL: Was … is enige woorde deur die Staatspolisiebeamptes uitgespreek?

JOHN LEWIS: Wel, die Staatspolisiebeamptes … die meeste van hulle het aanhoudend gesê: 'Beweeg terug, beweeg terug, julle negers, gaan uitmekaar uit … en sulke goed …'

PROKUREUR HALL: Nadat julle voorgekeer is, op 'n latere tydstip, is traangas, of enige vorm van gas, deur die Staatspolisiebeamptes gebruik?

JOHN LEWIS: … Wel, toe ons teruggedwing is, het die meeste van die mense in die ry op 'n biddende wyse gekniel met hulle rûe gekeer na die … Selma, knielend, reg met die ry af was dit byna 'n spontane reaksie van die kant van al die mense in die ry so ver terug as wat jy kon sien, en op daardie tydstip het die Majoor die Staatspolisiebeamptes beveel om hulle maskers op te sit en hulle het begin om gas te gooi, en mense het siek geword en begin opgooi, en party van ons is van die hoofweg afgedwing agter 'n paar geboue in die bos in.

[Uit die Nasionale Argief, Suidoos Streek, Morrow, Georgia, Rekords van Distrikshowe van Amerika. Toegang op 12 Februarie 2022 verkry.]

**BRON 3C**

Die uittreksel hieronder is uit 'n skrywe deur Martin Luther King Jr., wat in die boek *A Testament of Hope, The Essential Writings and Speeches of Martin Luther King, Jr* verskyn het. Dit is 'n besinning oor Martin Luther King se voorbereiding vir die Tweede Selma-na-Montgomery-optog op 9 Maart 1965.

Ons het gevoel dat die Staatspolisiebeamptes, wat twee weke vantevore selfs deur die konserwatiewe Alabama-koerante oor hulle verskriklike optrede skerp gekritiseer is, nooit weer by hierdie tipe geweld betrokke sou raak nie. Ek sal nooit my worsteling (pyn) met my gewete vergeet omdat ek nie daar was toe ek gehoor het van die lafhartige (skandelike) dade wat daardie Sondag teen geweldlose betogers gepleeg is nie. As gevolg daarvan het ek gevoel dat ek die daaropvolgende Dinsdag 'n optog moes lei en ek het besluit om die Maandag daaraan te bestee om te mobiliseer.

Die volgende vraag was of die konfrontasie 'n gewelddadige een moes wees; hier berus die verantwoordelikheid om alle faktore te oorweeg en te bepaal wat die gevolge sal wees swaar by die burgerregteleiers. Dit is maklik om enige van die uiterstes te kies. Om roekeloos voort te gaan, kan verskriklike gevolge hê ten opsigte van menselewens en kan ook veroorsaak dat vriende en ondersteuners vertroue verloor indien hulle sou voel dat daar 'n gebrek aan verantwoordelikheid bestaan.

Ons het besluit om die middeweg te volg. Ons sou stap totdat ons voor die Staatspolisiebeamptes was. Ons sou nie terugtrek totdat hulle dit duidelik gemaak het dat hulle mag gaan gebruik nie. Ons sou dan terugtrek (uitmekaar gaan), met ons punt duidelik gestel, die volgehoue teenwoordigheid van geweld onthul, met duidelike bewys van wie die onderdruktes en wie die onderdrukkers is, en ten slotte sou ons hoop dat die nasionale administrasie in Washington die geskokte reaksies sou aanvoel en met optrede daarop sou reageer.

Regter Frank M Johnson van die federale distrikshof in Montgomery het Dinsdag (oggend) 9 Maart 1965 'n bevel uitgereik wat my en die plaaslike Selma-leiers van die geweldlose stemgeregtigheidsbeweging verbied het om in vrede na Montgomery te stap.

[Uit *A Testament of Hope, The Essential Writings and Speeches of Martin Luther King, Jr.* deur JM Washington]

**BRON 3D**

Dit is 'n lugfoto wat op 25 Maart 1965 by Dexter Avenue voor die Alabama-staatskongresgebou in Montgomery geneem is. Dit toon sowat 25 000 betogers wat daarin geslaag het om met hulle derde poging ná hulle Selma op 21 Maart 1965 verlaat het, in Montgomery aan te kom.




[Uit *The Civil Rights Movement: A Photographic History* deur S Kasher]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander geskiedkundige bewyse is uit die volgende geneem:

Black, JL. 1998. 'The Stalinist Image of Canada: The Cominform and Soviet Press 1947–1955', *Labour/Le Travailleur Journal,* Vol. 21 (Lente 1988)

Bostdorff, DM. 2008 *Proclaiming the Truman Doctrine: The Cold War Call to Arms* (Texas University Press, VSA)

Campbell, H. 1990. *The Siege of Cuito Cuanavale* (HSC Uppsala, Swede)

https://apprend.io/apush/period-8/Truman-doctrine

https://theconversation.com/its-30-years-since-cuito-cuanavale-how-the-battle-redefined-southern-africa-78134

https://www.politico.com/story/2018/03/07/this-day-in-politics-march-7-1965-437394

Kasher, S. 1996. *The Civil Rights Movement: A Photographic History, 1954–1968* (Abbeville Press, New York)

Nasionale Argief, Suidoos Streek, Morrow, Georgia, Rekords van Distrikshowe van Amerika

Scholtz, L. 2014. *THE SADF IN THE BORDER WAR 1966–1989* (Helion and Company Publishers, Kaapstad)

Shubin, G et al. 2011. *The Bush War: The Road to Cuito Cuanavale* (Jacana Media Edms. Bpk., Suid-Afrika)

Washington, JM. 1991. *A Testament of Hope, The Essential Writings and Speeches of Martin Luther King, Jr.* (Harper Collins Publishers, New York)

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2022

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 29 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## 1. 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Raak betrokke by bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en lewer kort kommentaar, bv.

___________ . __________________________ . _________________________
_____________________________________________ . _________________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om 'n basiese paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte by die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
Sommige weglatings in die inhoudsdekking.
Poog om 'n argument te handhaaf.

## GLOBALE NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; min poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: HOE HET DIE TRUMAN-LEER VANAF 1947 TOT KOUE OORLOG-SPANNNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) BYGEDRA?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A - L1]*

- 'was hulle (die Sowjetunie) vinnig besig om oral in die wêreld 'n werklike bedreiging vir demokrasie te word'
- 'Die verspreiding van kommunisme is as die gevaarlikste bedreiging vir wêreldstabiliteit beskou' (2 x 1) (2)

1.1.2 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 1A - L1]*

- 'n Amerikaanse buitelandse beleid wat na die Tweede Wêreldoorlog aangeneem is om die verdere verspreiding/uitbreiding van kommunisme te stuit (in te sluit)/ beperk
- Beleid om uitbreiding van vyandige idees te stuit
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – L2]*

- Die Truman-leer het die vervanging van Engeland met die VSA as 'n verdediger van kapitalisme teen kommunisme geformaliseer
- Die VSA moes opstaan en die Sowjetunie uitdaag wat (ná die Tweede Wêreldoorlog) as 'n bedreiging vir demokrasie in die wêreld ontstaan het
- Die VSA moes seker maak dat hulle ekonomiese beleid (kapitalisme) in die hele wêreld floreer deur regerings te ondersteun teen die gewildheid van kommunistiese leiers
- Die VSA moes militêre bystand aan regerings verskaf wat deur betogings/verset bedreig is as gevolg van die gebrek aan hulpbronne na die oorlog
- Die VSA moes advies/raad en vaardighede aan swak regerings verskaf om hulle leierskap teen kommunisme te versterk
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – L2]*

- Teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog is die meeste Oos-Europese lande deur kommunistiese partye oorgeneem
- Stalin se skepping van sfere van invloed in Europa naby die einde van die Tweede Wêreldoorlog het kapitalistiese regerings met kommunistiese regerings vervang
- Kommunisme was besig om 'n gewilde ekonomiese stelsel in Europese lande te word aangesien mense hulle werk verloor het en aan hongersnood gely het as gevolg van die uitwerking van die Tweede Wêreldoorlog
- Europese regerings moes betogings die hoof bied wat deur kommuniste gelei is en het voor uitdagings te staan gekom om die oproer te keer
- Die VSA se vrees vir die Domino Teorie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – L1]*

- 'Fondse'
- 'besonderhede (details) van Amerikaanse burgerlike en militêre personeel wat in Griekeland en Turkye'
- 'met heropboutake hulp gaan verleen'
- 'oor finansiële en materiële bystand, soos verskaf, toesig gaan hou'
- 'onderrig en opleiding van uitgesoekte Griekse en Turkse personeel'
- ‘verleen magtiging wat die vinnigste en doeltreffendste gebruik van kommoditeite, voorraad, toerusting van sodanige gemagtigde fondse sal bewerkstellig’ (enige 4 x 1) (4)

1.2.2 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 1B - L2]*

- Verwysing deur die Weste na regeringsvorms en politieke stelsels wat deur die kommuniste ingestel is om demokraties verkose partye in Europese lande te verbied
- Verwysing na vorme van kommunistiese deur die Westerse regerings wat nie regverdig verkies is na die Tweede Wêreldoorlog Oos-Europese lande oorgeneem het nie
- 'n Westerse persepsie dat kommunistiese regerings deur diktators gelei word
- Verwysing na die vorme van kommunistiese regerings wat Oos-Europese lande oorgeneem het en deur leiers gelei is wat 'n hoë mate van beheer en regulasies oor openbare en private lewe deur die Weste gehou, gehad het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B - L2]*

**Dat:**

- Totalitêre regimes wat kommuniste is, sou gedy waar daar 'n gebrek aan basiese hulpbronne is/sou gedy in arm en behoeftige lande
- Totalitêre regimes wat kommuniste is heel waarskynlik gewildheid sal wen in die Europese lande met swak ekonomieë as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog
- Europese regerings hulle sal wend na diktatorskap wat kommuniste is wanneer hulle nie daarin slaag om aan die behoeftes van hulle gemeenskappe te voldoen nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – L1]*

- 'kan ons wêreldvrede in gevaar stel'
- 'ons sal sekerlik die welsyn van ons eie nasie in gevaar stel' (2 x 1) (2)

1.3

1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – L2]*

- Kommunisme word uitgebeeld as 'n virus (bedreiging) wat oor Europa hang wat kapitalisties is
- President Truman kom aan met sy Truman-leer en versprei bedrae Amerikaanse dollar om Europa teen die virus (kommunisme) te beskerm
- NAVO militêre tenks (om kapitalisme te beskerm) is in verskillende Europese lande geplaas om hulle teen die virus (kommunisme) te beskerm
- Die wolke (virus van kommunisme) en die valskerm/ warmlugballon (Truman-leer) verteenwoordig die Koue Oorlog-spanning tussen die Sowjetunie en die VSA
- Sakke met geld (met dollar-tekens) verteenwoordig finansiële steun (in die vorm van die Marshall-plan) om vir ekonomiese herstel na Europese lande te versprei
- Truman se politieke oorheersig van Europa word deur die valskerm /warmlugballon verteenwoordig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.2 *[Bepaling van die beperkinge van Bron 1C – L3]*

- Die skrywer is 'n Amerikaner wat dalk teen kommunisme is/ eensydige siening teen die SowjetUnie
- Die bron beeld die ideologie van kommunisme negatief (in 'n slegte lig) as 'n virus uit
- Die bron beeld die Truman-leer as 'n oplossing uit terwyl kommunisme as 'n probleem uitgebeeld word
- Die bron beeld die VSA as redder van Europa uit en wys nie die egte imperialistiese intensies nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 1B en 1C om ooreenkomste te bepaal – L3]*
- Bron 1B gee 'n oorsig van hoe die VSA die verspreiding van kommunisme wou stuit (inperk/insluit) deur bystand finansieel en militêr te verleen wat in Bron 1C uitgebeeld word deur Truman wat Amerikaanse dollars versprei en militêre bystand aan Europese lande verleen
- Bron 1B verwys na Truman wat fondse by die Kongres vra en in Bron 1C sien ons hoe Truman Amerikaanse dollars versprei – wat impliseer dat die Kongres die befondsing toegestaan het
- In Bron 1B word daar verwys na die vinnigste aanvraag van fondse en in Bron 1C word die warmlugballon gebruik om die fondse vinnig na Europa te versprei
- In Bron 1B beweer Truman dat 'ellende en behoefte' vrugbare grond vir totalitêre regimes is en in Bron 1C sien ons Truman wat Amerikaanse dollars versprei om armoede en behoefte in Europa te keer
- In Bron 1B dui President Truman aan dat die wêreld na die VSA opsien om hulle vryheid te behou, vir finansiële en militêre bystand en Bron 1C toon die Amerikaanse finansiële en militêre bystand wat sou verseker dat Europa vry van kommunistiese infiltrasie sou bly
- Beide bronne wys hoe die VSA die verspreiding van kommunisme deur die Truman-Leer wou stuit
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5

1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – L1]*
- USSR
- Joego-Slawië
- Bulgarye
- Roemenië
- Hongarye
- Pole
- Tsjeggo-Slowakye
- Italië
- Frankryk (enige 2 x 1) (2)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D - L2]*
- Die Truman-leer het die kommunistiese partye in Frankryk, Italië en België verswak
- Die Truman-leer het kapitalistiese beleide in Frankryk, Italië en België laat herleef – waar Kommunisme geïnfiltreer het
- Kommuniste verloor beheer oor die koalisie regerings
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D - L2]*

(a) Die Kapitaliste/ die VSA/Weste/ Truman (1 x 2) (2)

(b) Die Kommuniste/ die Sowjetunie/Ooste/Stalin (1 x 2) (2)

1.5.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D– L1]*

- '… die stigting van die Kominform … bevestig het'
- '… die rol daarvan as 'n organisatoriese bastion (versterking) teen 'n aggressief vyandige, anti-sosialistiese veldtog wat deur Amerika gelei is, bevestig het' (2 x 1) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – L3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die Truman-leer was van die vestiging daar om teen die verspreiding van kommunisme in Europa te veg (inperkingsbeleid) (Bron 1A en Bron 1C )
- Die verspreiding van kommunisme is beskou as 'n bedreiging vir demokrasie oor die wêreld heen (Bron 1A)
- Die Truman-leer was bedoel om teendruk op elke politieke, militêre of ekonomiese vooruitgang wat die Sowjette gemaak het, toe te pas (Bron 1A)
- Die Truman-leer was 'n stap deur die VSA om kapitalisme 'n wêreld-ideologie te maak terwyl kommunisme onderdruk word (Bron 1A)
- Die Truman-leer het aangeneem dat die Sowjetunie ekspansionisties is en in die vakuum wat deur die Britte as wêreldleiers wou inbeweeg (Bron 1A en eie kennis)
- Die Truman-leer was bedoel om kommunisme, wat as 'n onkeerbare virus beskou is, te stuit (in te perk/sluit) (Bron 1A, 1D)
- Terwyl Truman sy toespraak gemaak het, het hy verwys na kommunistiese regerings as totalitêre regimes (Bron 1B)
- Die Truman-leer het vir magtiging gevra om uitgesoekte Griekse en Turkse personeel op te lei om kommunistiese infiltrasie in Oos-Europa te keer (Bron 1B)
- Die Sowjetblok het die Truman-leer beskou as inmenging in Griekse binnelandse sake voordat die VN hulle verslag kon maak (eie kennis)
- Die Truman-leer het militêre tenks oral in Europese lande geplaas teen die bedreiging van kommunisme (beskou as 'n virus) (Bron 1C)
- As gevolg van die Truman-leer is magtige kommunistiese partye in Frankryk, Italië en België uit koalisieregerings verwyder (Bron 1D)
- Kominform is in reaksie op die Truman-leer bekend gestel (Bron 1D en eie kennis)
- Kominform het die wêreld beskou as twee blokke verdeel in die VSA (imperialisties) en die Sowjetunie (anti-imperialisties) (Bron 1D)
- Kominform het die Truman-leer as aggressief vyandig en antisosialisties beskou (Bron 1D)
- Die Sowjet-pers het die Truman-leer as 'n bedreiging vir Rusland se territoriale integriteit beskou en as 'n voorbeeld van kapitalistiese imperialisme (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe die Truman-leer vanaf 1947 tot Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en die Sowjetunie (USSR) bygedra het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip van hoe die Truman-leer vanaf 1947 tot Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en die Sowjetunie (USSR) bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die Truman-leer vanaf 1947 tot Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en die Sowjetunie (USSR) bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE STATISTIEK (INLIGTING MET GETALLE GETOON) DEBATTE EN OMSTREDENHEDE OOR DIE UITKOMS VAN DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE (1987–1988) GESKEP?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – L1]*

- 'om die militêre vesting van die Angolese by Menongue in te neem'
- 'om 'n voorlopige regering van UNITA in Angola daar te stel' (2 x 1) (2)

2.1.2 *[Definisie van 'n historiese term uit Bron 2A –L1]*

- 'n Tussentydse regering daargestel om die oorgang van een regering na die volgende te bestuur/beheer
- 'n Nood- of tydelike regering gevestig om om te sien na 'n veranderingsproses van regerings
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A - L1]*

- 'SAW'
- 'FAPLA' (2 x 1) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – L2]*

- FAPLA is gedwing om van Lomba na Cuito terug te trek want die SAW het die oorhand gehad
- FAPLA het na Cuito teruggetrek maar die SAW kon slegs FAPLA beleër (insluit), het hulle nie verslaan nie
- FAPLA/Angolese vasgepen deur SADF in Cuito
- Angolese het teruggetrek sodat die vyand nie 'n beslissende oorwinning kon behaal nie
- SAW se verwagting om FAPLA te verslaan, was onsuksesvol omdat die Kubane FAPLA te hulp gesnel het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – L2]*

- Om die Angolese regering teen 'n inval vanuit Suid-Afrika te beskerm (deur SAW)
- Om te voorkom dat die SAW beheer oor Cuito Cuanavale oorneem
- Om die kommunistiese FAPLA-regering teen die kapitalistiese apartheidregime te beskerm
- Hulle het in dieselfde ideologie geglo
- Die Angolese het meer gesofistikeerde artillerie benodig wat deur die kubane voorsien is/ Om oorwinning te verseker
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B - L1]*

(a) 94 (1 x 1) (1)

(b) 3 (1 x 1) (1)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – L2]*
**Dit stel voor dat:**
- FAPLA meer verliese as die SAW gely het
- Die SAW die oorwinnaar tydens die geveg by Cuito Cuanavale was
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Bepaling van die betroubaarheid van Bron 2B – L3]*
**Kandidate kan of BETROUBAAR of NIE BETROUBAAR NIE kies en hulle antwoorde met relevante bewyse motiveer.**

**BETROUBAAR**
- Die bewyse het in 'n boek deur 'n akademikus verskyn – 'n produk van navorsing
- Geldenhuys was aktief by die Slag van Cuito Cuanavale betrokke – ooggetuieverslag/Generaal van die SAW, Hoof van die SAW
- Enige ander relevante antwoord

**NIE BETROUBAAR NIE**
- Slegs die SAW-perspektief word weergegee wat groot verliese vir die opponente toon
- Verliese gely deur Kuba/FAPLA word na bewering opgejaag om te beweer dat hulle die oorlog verloor het
- Dit is statistiek wat deur 'n SAW-generaal, Jannie Geldenhuys, verskaf is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3
2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – L1]*
- 'Geldenhuys …, om dit sagkens te stel, haal … verkeerde data oor die verliese van die Suid-Afrikaners aan, spesifiek oor die vliegtuie'
- 'Hy noem nie die swaar verliese van UNITA-troepe en die South West African Territorial Force (SWATF) nie, maar slegs dié van die SAW …'
- '… gooi hy, opsetlik of onopsetlik, FAPLA saam met die Kubane, …'
- '… verder onthou hy nie eers SWAPO nie …'
- 'Hy minimaliseer die bedreiging van Fidel Castro om die hele Namibië te beset om die uitkoms van die oorlog uit die weg te ruim' (enige 2 x 1) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – L2]*
- Hy het nie verwys na duisende Kubaanse troepe wat in Angola ontplooi is om FAPLA by te staan nie
- Hy was nie oortuig dat die Kubaanse weermag goed toegerus was om teen die SAW opgewasse te wees nie
- Hy het nooit die lugsuperioriteit van die Kubaanse mag oor die SAW erken nie/Korolkov glo dat Geldenhuys nie aanvaar het dat hulle teen die kommuniste verloor het nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.3 *[Verduideliking van 'n historiese term uit Bron 2A –L2]*
- 'n Skietstilstand is tussen oorlogvoerende faksies bereik (Kuba en Suid-Afrika) wat gelei het tot die onttrekking van Kuba en Suid-Afrika uit Angola
- Vredesooreenkoms geteken deur Kuba en Suid-Afrika beëindig die Slag van Cuito Cuanavale en lei tot die toestaan van onafhanklikheid aan Namibië in ruil vir Kubaanse onttrekking uit Angola en Namibië
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 2B en 2C - L3]*
- Bron 2B gee die minste aantal verliese wat deur die SAW gely is, soos deur Generaal Geldenhuys verskaf, terwyl Bron 2C die getalle wat deur die SAW-generaal gegee is, weerspreek
- Bron 2B toon 'n pro-SAW(geringe verliese)-perspektief, terwyl Bron 2C die perspektief van 'n Russiese soldaat (weerlê statistieke wat deur Generaal geldenhuys verskaf is)
- Bron 2B beeld SAW as oorwinnaars uit ~~Kuba/FAPLA as verloorders~~ uit, terwyl Bron 2C die SAW en hulle geallieerdes as verloorders tydens die Slag van Cuito Cuanavale uitbeeld
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5
2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – L1]*
**Argumente:**
- ' hoe belangrik die slag/geveg was'
- 'wie gewen het'
- 'of die Suid-Afrikaanse Weermag werklik oorwin is'
- Angolese regering het beweer dat die Suid-Afrikaanse weermag beslissend verslaan is.
- Baie Suid Afrikaners wat in Angola geveg het, sweer dat hulle nooit verslaan is nie,
- Objektiewe waarnemers verklaar dat die einde 'n taktiese militêre dooiepunt tussen die geallieerde magte aan beide kante was.

(enige 2 x 1) (2)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D - L2]*
- Elk van die partye het oorwinning geeis/ geen een het verloor aanvaar nie
- Omdat hulle 'n vredesooreenkoms geteken het om die oorlog te beëindig
- Omdat beide Kubaanse en Suid-Afrikaanse magte uit Angola moes onttrek
- Die dooiepunt het tot politieke veranderinge as gevolg van die onttrekking van Kuba en Suid-Afrika uit Angola en die onafhanklikheid van Namibië gelei
- Beide het 'n politieke oplossing oor die onttrekking uit Angola en Namibië aanvaar
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D - L1]*
- 'vir die ondersteuning van die vryheidstryd in suidelike Afrika' (1 x 2) (2)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – L3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Verteenwoordigers van mededingende oorlogvoerende faksies het hulle eie statistiek van verliese verskaf om die uitkoms van Slag van Cuito Cuanavale voor te stel (Bronne 2A en 2C)
- Suid-Afrika (SAW) het 230 soldate, 41 vliegtuie, 3 helikopters en meer as 31 voertuie verloor (Bron 2A) en UNITA meer as 1 000 soldate (Bron 2A)
- Suid-Afrikaanse (SAW) generaals moes saam met 9 000 troepe veg (Bron 2A) wat hulle swakker laat voorkom het
- Statistiek deur Generaal Jannie Geldenhuys verskaf, het beweer dat die SAW Kubaanse/FAPLA-magte in die Slag van Cuito Cuanavale oorwin het, bv. 4 785 (Kubaanse/FAPLA-) teenoor 31 (SAW-) soldate het gesterf (Bron 2B)
- Die statistiek in 2B stel geringe verliese en oorwinning vir SADF voor(Bron 2B)
- Korolkov het geglo dat Geldenhuys verkeerde data verskaf het (Bron 2C)
- Korolkov het Geldenhuys beskuldig dat hy FAPLA- en Kubaanse verliese saamgetel het maar nie dieselfde met SAW- en UNITA-verliese gedoen het nie (Bron 2C en eie kennis)
- Korolkov het Geldenhuys beskuldig dat hy doelbewus SWAPO-data oor die Slag van Cuito Cuanavale weggelaat het (Bron 2C)
- Die Kubaanse aanval is ondersteun deur 700 tot 800 tenks, 40 000 militêre personeel en 60–70 vegvliegtuie wat maak dat hulle sterker voorkom (Bron 2C)
- Die Kubane en die Angolese regering het beweer dat hulle die SAW verslaan het (Bron 2D)
- Suid-Afrikaners wat in die oorlog geveg het, beweer dat SA nooit verslaan is nie (Bron 2D)
- Argumente deur waarnemers stel dit duidelik dat daar 'n dooiepunt was wat gelei het tot veranderinge in die suider Afrika streek met Kuba en SA wat uit Angola onttrek het en Namibië wat onafhanklikheid bekom het (Bron 2D)
- Die Slag van Cuito Cuanavale was deel van 'n volmag-oorlog in die Koue Oorlog-konflik omdat die Sowjetunie en die VSA met hulle geallieerdes hulp aan oorlogvoerende faksies verskaf het (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe statistiek (inligting met getalle getoon) debatte en omstredenhede oor die uitkoms van die slag van Cuito Cuanavale (1987–1988) geskep het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip van hoe statistiek (inligting met getalle getoon) debatte en omstredenhede oor die uitkoms van die slag van Cuito Cuanavale (1987–1988) geskep het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe statistiek (inligting met getalle getoon) debatte en omstredenhede oor die uitkoms van die slag van Cuito Cuanavale (1987–1988) geskep het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: WAT WAS DIE UITDAGINGS WAARVOOR BURGERREGTE-BETOGERS WAT IN MAART 1965 AAN DIE SELMA-NA-MONTGOMERY-OPTOGTE DEELGENEEM HET, TE STAAN GEKOM HET?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*
- Southern Christian Leadership Conference (SCLC) (SCLC)'
- Student Non-Violent Coordinating Committee (SNCC) (3)
- Dallas County Voters League (3 x 1)

3.1.2 *[Definisie van 'n historiese term uit Bron 3A – L1]*
- Georganiseerde kiesersveldtogte wat die besluitneming van die kiesers wil beïnvloed
- Betogings deur swart Amerikaners om stemregte te bekom
- Beplande aktiwiteite wat met verloop van tyd uitgevoer word om politieke en sosiale veranderinge mee te bring deur die mobilisering en oortuiging van burgers om vir 'n spesifieke party te stem
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A - L2]*
- As gevolg van segregasionistiese wette wat stemreg in Alabama aan baie swart Amerikaners ontsê het
- Baie swart Amerikaners het nie in aanmerking gekom om te stem nie omdat hulle na bewering nie kon lees en skryf nie (ongeletterd was)
- Swart Amerikaners is onderwerp aan geletterdheidstoetse wat hulle na bewering gedruip het om te verseker dat hulle nie in aanmerking kom om te registreer om te stem nie
- Om te voorkom dat swart Amerikaners beheer oor plaaslike regerings oorneem
- Om te verseker dat die plaaslike regering in Selma onder die beheer van segregasionistiese wittes was
- Het dreigemente en intimidasie deur witsupremistiese in die gesig gestaar
- Registrasie fasiliteite was nie toeganglik vir Afro-Amerikaners nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A - L1]*
- Hosea Williams
- John Lewis (2 x 1) (2)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A - L2]*
- Wreedheid deur polisie (Staatspolisiemanne) is wyd onthul (blootgestel)/nasionale televisie dekking/nasionale verontwaardiging
- Vir burgerregteaktiviste het dit gehelp om die onderdrukkers en verdruktes te identifiseer
- Dit het gelei tot nasionale en internasionale verleentheid vir die pro-demokratiese land (VSA) en hulle leiers
- Dit het die eise van die betogers geldig gemaak.-dit lei uitendelik tot die toepassing van die stemregwetgewing van 1965
- Dit het tot nasionale en internasionale simpatie met betrekking tot die eise van die betogers gelei
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*
- 'dit is 'n onwettige byeenkoms'
- 'Hierdie betoging sal nie voortgaan nie.'
- 'Julle is deur die Goewerneur verban.'
- ‘Ek gaan julle beveel om uitmekaar te gaan’

(enige 2 x 1) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B - L2]*
- Majoor Cloud se bedoeling was om te verseker dat die optog geblok word
- Hy was nie gereed om na die pleidooie van die optoggangers te luister of om dit te bespreek nie
- Hy het slegs bevele uitgevoer wat aan hom gegee is om die optoggangers te blok en uitmekaar te laat gaan
- Sy mandaat was om die hof se optogbeperkingsbevel uit te voer
- Die optog was onwettig en ongematig – nie nodig om die saak te bespreek nie
- Hy toon arrogansie teenoor Afro-Amerikaner betogers
- Dit ontbloot sy rasistiese houding teenoor Afro-Amerikaners
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2)

(2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B - L2]*
- Hulle was rassisties teenoor swart Amerikaners
- Om die betogers aan te hits om weerwraak te neem om die polisie se uitgebreide gebruik van geweld, traangas en berede polisiemanne te regverdig
- Die polisie was heerssugtiges wat nie wou hê dat Afro-Amerikaners moet stem nie
- Om hul moed te breek en vrees onder Afro-Amerikaners in te boesem
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*
- 'mense het siek geword'
- 'begin opgooi'
- 'van die hoofweg afgedwing agter 'n paar geboue in die bos in' (3 x 1) (3)

3.3 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 3A en 3B – L3]*

- Beide bronne wys dat Majoor Cloud die staatspolisiebeamptes bevel het om die skare uitmekaar te maak
- Die Southern Christian Leadership Conference (SCLC)-leiers in Bron 3A beweer dat die vreedsame CRM-aktiviste altyd gewag het vir wreedaardige aanvalle deur die rassistiese polisie en in Bron 3B verduidelik John Lewis hoe die polisie beveel is om die vreedsame ongewapende optoggangers wat stemreg geëis het, aan te val(Beide bronne wys dat die polisie geweldadig opgetree het)
- In Bron 3A word verduidelik hoe die polisie beveel is om knuppels en traangas te gebruik om die betogers uitmekaar te laat gaan en in Bron 3B getuig John Lewis hoe die betogers deur die gas geaffekteer is, hulle het siek geword en opgegooi
- In Bron 3A word genoem dat berede polisie gebruik is om die betogers uitmekaar te laat gaan en in Bron 3B getuig John Lewis dat sommige betogers van die hoofweg afgedwing is en in die bosse moes inhardloop
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4

3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C - L1]*

- 'twee weke vantevore … oor hulle verskriklike optrede' (1 x 2) (2)

3.4.2 *[Verduideliking van 'n historiese konsep - Bron 3C – L2]*

- Stemregte vir swart Amerikaners wat tydens die Selma-na-Montgomery-optog geëis is
- Menseregte wat grondwetlike regte van burgers in die VSA waarborg
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.4.3 *[Bepaling van die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 3C – L3]*

**Hierdie bron is BRUIKBAAR want:**

- Dit is 'n uittreksel uit 'n skrywe (direkte bron/eerstehandse kennis) deur Martin Luther King Jr
- Martin Luther King Jr het sy skrywes as die leier van die Burgerregtebeweging geskryf
- Die skryfstuk was tydens die verloop van die Selma-na-Montgomery-optog in Maart 1965
- Dit gee in hooftrekke die beplanning en voorbereidings vir die Tweede Selma-na-Montgomery-optog – 9 Maart 1965
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3D- L2]*

- Die Derde Selma-na-Montgomery-optog was 'n sukses want hulle het die Alabama-staatskongresgebou bereik
- Betogers was verbind tot die optog wat op 21 Maart begin het en op 25 Maart 1965 geëindig het
- 'n Groot skare mense het aan die optog deelgeneem– 25 000 het in Montgomery bymekaar gekom
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.2 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3D- L2]*

- Dit was 'n oorwinning vir die CRM se geweldlose strategie – 25 000 betogers/van alle groepe het aan die optog deelgeneem
- Dit was 'n sukses want na twee pogings het die optoggangers hulle bestemming bereik – Montgomery die hoofstad van die staat Alabama
- Dit was 'n oorwinning vir optoggangers omdat 'n hofbevel hulle toestemming gegee het om vrylik te betoog nadat toestemming twee keer geweier is
- Die sukses daarvan het baie druk op die Amerikaanse President geplaas om die Voting Rights Act – 1965 goed te keur
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – L3]*
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Burgerregtebetogers in die Selma-na-Montgomery-optog het vir stemreg betoog (eie kennis)
- Die swart Amerikaners is uit kiesersregistrasie in Selma (Alabama) uitgesluit (Bron 3A)
- Slegs twee persent in Selma was op die kieserslys (Bron 3A)
- Optogers het polisiewreedheid gedurende die optog in die gesig gestaar(Bron 3A)
- Die optoggangers het teen 'n blokkade van polisie te staan gekom en is beveel om uitmekaar te gaan (Bron 3A)
- Die wit heerssugtiges ('white supremacists') het die polisie aangehits om geweld teen die swart Amerikaners te gebruik (Bron 3A)
- Optoggangers is met knuppels en traangas aangerand en is geslaan en gejaag deur berede polisie – Bloedige Sondag-('Bloody Sunday')insident' (Bron 3A)
- Die polisie het afbrekende taal gebruik en die geweldlose betogers beledig (Bron 3B)
- Hulle was neergeslaan en gedruk deur staatspolisiebeamptes(Bron 3B)
- Majoor Cloud het geweier om na die betogers te luister – hulle is net twee minute gegee om uitmekaar te gaan (Bron 3B)
- Betogers is aangeval selfs toe hulle 'n mindere posisie ingeneem het deur te kniel en die aandag te vestig op die skending van hulle menseregte (Bron 3B)
- Die CRM-leiers moes 'n strategie uitwerk en beplan vir 'n tweede optog (Bron 3C)
- Die geweldlose betogers het tydens die tweede optog die gebruik van geweld oorweeg maar dit sou hulle geweldlose vreedsame vorms van verset onder verdenking bring/in gevaar stel (Bron 3C)
- Die howe het ook bevele uitgereik wat die vreedsame optog verban het wat die aktiviste kwaad en gefrustreerd gemaak het (Bron 3C)
- Die Derde Selma-na-Montgomery-optog het op 21 Maart 1965 begin en hulle het eers op 25 Maart 1965 – 5 dae later – Montgomery bereik (eie kennis)
- Ten spyte van die uitdagings het betogers uiteindelik hulle doel bereik (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van die uitdagings waarvoor burgerregtebetogers wat deelgeneem het aan die Selma-na-Montgomery-optogte in 1965 te staan gekom het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip van die uitdagings waarvoor burgerregtebetogers wat deelgeneem het aan die Selma-na-Montgomery-optogte in 1965 te staan gekom het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van die uitdagings waarvoor burgerregtebetogers wat deelgeneem het aan die Selma-na-Montgomery-optogte in 1965 te staan gekom het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

*Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

### SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik of hulle met die stelling saamstem of nie. As hulle met die stelling saamstem, moet hulle verduidelik hoe die VSA die oorlog in Viëtnam verloor het as gevolg van onkonvensionele guerrilla-oorlogvoeringstrategieë op die grond en omgewingsfaktore in die land. Indien kandidate nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hulle argumente met relevante historiese bewyse ondersteun.

### HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:
- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui of hulle met die stelling saamstem of nie. Hulle moet ook in hooftrekke beskryf hoe hulle beoog om hulle argumente te motiveer.

### UITBREIDING
Fokus op die strategieë wat deur beide die VSA en die Viëtkong gebruik is.
- Verdeling van Noord- en Suid-Viëtnam (Agtergrond)
  - VSA eerste ingryping in Suid-Viëtnam(Vrees vir Domino teorie) – het wapens en militêre raadgewers teen die Viëtkong (Viëtnamese kommuniste) gestuur
  - Ho Chi Minh-roete en die belangrikheid daarvan (gebruik deur die Viëtminh [kommunistiese guerrillas uit Noord-Viëtnam] om die Viëtkong te ondersteun) in die suide
- VSA stel Veilige Dorpie-beleid ('Safe Village' policy)/Kleinboerdorpie-strategie ('Hamlet strategy')/'Villagisation' (hervestiging van mense in nuwe dorpe) bekend – probeer om guerrillas van dorpenaars te /isoleer/af te skei (1962)
  - Veilige Dorpie-beleid ('Safe village policy') het misluk omdat die Viëtkong binne-in dorpies gefunksioneer het
- Die Golf van Tonkin-insident en oplossing (1964) – verskoning vir uitbreiding van die weermag
- Die VSA het gevoel dat die oorlog in Viëtnam nie 'n konvensionele oorlog soos die Tweede Wêreldoorlog is nie
- VSA stuur op 8 Maart 1965, 3 500 Marines en grondtroepe na Viëtnam
- Operation Ranch Hand (1962–1971) – gebruik chemiese ontblaringsmiddels (Agent Orange om woud te vernietig) – (omgewingsfaktore) en Agent Blue (om landbouprodukte en voedsel te vernietig om die Viëtkong te verswak)
- President Johnson het in Maart 1965 Operation Rolling Thunder ingestel om die Viëtkong vinnig te elimineer – ondoeltreffendheid van 'n konvensionele strategie in vergelyking met onkonvensionele guerrilla-oorlogvoering
- Gebruik chemiese wapens, bv. Napalm-gas het die VSA ongewild gemaak en baie lande het die VSA veroordeel – veroorsaak skade aan omgewing
- Guerrilla-oorlogvoering deur die Viëtminh en Viëtkong (moeilik om guerrillas van dorpenaars (boere/kleinboere te onderskei)
- Hoogs doeltreffende gebruik van guerrillataktiek deur die Viëtkong (onkonvensionele strategieë)

- Viëtkong het met Tet Offensief (1968) teenoor VSA taktieke gereageer – verrassingsaanvalle op 100 stede (onkonvensionele strategieë) – VSA beheerde stede in lokval gelei
- Aantal Amerikaanse soldate wat gesterf het, het gestyg – lei tot anti-oorlogbetogings in die SA
- VSA stuur jong en onervare soldate na Viëtnam
- VSA gebruik Soek-en-vernietig-beleid (missies) ('Search and Destroy Policy [missions]') (My Lai-slagting) om dorpies wat die Viëtkong ondersteun, te vernietig – verwar deur guerrillataktiek
- Die gevolg was dat groot getalle burgerlikes gesterf het wat tot meer ondersteuning vir die Viëtkong gelei het
- Amerikaanse gruweldade en die My Lai-slagting (Maart 1968) het die openbare mening teen die Amerikaans-gevoerde oorlog gedraai
- Noord-Viëtnam het militêre bystand van die USSR en China ontvang so die Viëtminh en Viëtkong het tot moderne wapens toegang gehad
- Guerrilla-oorlogvoering is doeltreffend deur die Viëtkong gebruik, bygestaan deur die Viëtminh uit die noorde, en hulle het taktieke soos fopstelsels, ondergrondse tonnels, verrassingsaanvalle, sabotasie (omgewingsfaktore) gebruik
- Ondergrondse tonnels – was nou om Viëtkong-liggaamstruktuur te pas maar nie vir groot Amerikaanse soldate nie
- Die Viëtkong het hulle ondersteuningsbasis vergroot as gevolg van die taktieke wat teen die Amerikaanse soldate gebruik is
- Die Viëtnamese was verenig in die verdediging van hulle land
- Viëtnamisasie: President Nixon het met die beleid van strategiese onttrekking uit Viëtnam na vore gekom. Dit is ook WHAM (Winning the hearts and minds of the Viëtnamese) genoem wat die mislukking van Amerika om te keer dat Viëtnam 'n kommunistiese staat word en die daaropvolgende onttrekking aangedui
- Teen 1973 het Amerika alle troepe onttrek (President Nixon het op 27 Januarie 1973 die Parys Vredesooreenkoms onderteken – dit beëindig Amerikaanse betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog
- Noord-Viëtnam het in 1975 beheer van Saigon oorgeneem
- Viëtnam was onder kommunistiese beheer verenig
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO**

*Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet die doeltreffendheid van Mobutu Sese Seko se sosio-ekonomiese en politieke beleide om die Kongo na die verkryging van onafhanklikheid van Belgiese koloniale regering in die 1960's krities bespreek.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:
Inleiding: Kandidate moet 'n kritiese standpunt inneem en die doeltreffendheid van Mobuto Sese Seko se sosio-ekonomiese en politieke beleide om die Kongo na die verkryging van onafhanklikheid van Belgiese koloniale heerskappy in die 1960's krities te bespreek. Hulle moet ook aandui hoe hulle beoog om hulle argumente te motiveer.

**UITBREIDING**
**Ekonomiese beleide**
- Koloniale nalatenskap: (as agtergrondinligting)
    - Uitbuiting – Belgiese vooruitstrewendheid gebaseer op uitbuiting van katoen, rubberplantasies en myne (koper, tin en diamante) deur koloniale maatskappye; Winste uit minerale (myne) op uitbuiting van Kongolese werkers gebaseer
    - Teen onafhanklikheid is die Kongo beskou as baie vooruitstrewend maar met buitelandse eienaars wat die ekonomiese rykdom besit
- Erf 'n kapitalistiese ekonomie by België
- Laat aanvanklik die ekonomie in die hande van die wit setlaars en buitelanders
- Die land se ryk natuurlike hulpbronne van koper, kobalt, diamante en ander materiaal het buitelandse belegging gelok
- Nasionalisasie: Mobutu het die land se kopermynboubedryf genasionaliseer en die winste uit die koperbedryf gebruik om sy 10 jaar-industrialisasieplan te finansier
- Het maatskappye wat deur buitelanders besit is, sonder vergoeding genasionaliseer
- Buitelandse maatskappye is onder beheer van sy bondgenote en familielede geplaas
- Het Zaïrenasie (vervang buitelanders met Zaïrese burgers) ingestel
- Zaïrenasie het tot korrupsie, diefstal en wanbestuur gelei
- Die ekonomie is gekenmerk deur nepotisme en elitisme (het groot gaping tussen die elite en gewone burgers/ryk en arm geskep)
- Swak ekonomiese beleide het tot die agteruitgang van infrastruktuur soos paaie ens. gelei
- Mobutu het 'n kleptokrasie geskep waar 'n groep aangewese staatsamptenare hulle posisies vir finansiële gewin misbruik het
- Mobutu is gedwing om 'n retrosessie (terugkeer van buitelandse eienaars) in te stel
- Baie min buitelandse eienaars het teruggekeer
- Die Kongo se ekonomie het in duie gestort
- Die Kongo het afhanklik geword van buitelandse hulp en beleggings, bv. van die Wêreldbank
- Enige ander relevante antwoord

**Sosiale beleide**

- Koloniale nalatenskap: (as agtergrondinligting)
  - o Bevorder elitisme: moedig onderrig van klein elite in 'n Westerse styl van kennis en vaardighede aan
  - o Swak onderwysstelsel wat nie tot voordeel van die Kongolese was nie en hulle ook nie bemagtig het met vaardighede nie
  - o Frans gebruik as onderrigmedium in skole
  - o Teen onafhanklikheid (1960) het die Kongo 14 universiteitsgegradueerdes uit 14 miljoen mense gehad
- Implementeer beleid van Authenticite( oorspronklik om inheemse gelowe en oortuigings te bevorder) om koloniale invloed uit die weg te ruim en Zaireers met trots en eie kultuur te verenig
- Africanisation(Afrikanisering / Zaïrenasie- vervang Europese name met Zaïrese name)
- Kleredrag: die dra van Westerse styl pakke is verbied (deur 'n dekreet) en vervang met 'abacos' ('A bas le costumes'), wat beteken 'weg met die pak' (sosiale status)
- Bevordering van plaaslike musiek
- Mobutu het demokrasie as 'n vreemde/buitelandse ideologie vir Afrika beskou – hy het regeer as 'n Hoofman in 'n tradisionele Afrika-styl en dit gebruik om sy eie outoritêre posisie te versterk
- Frans het die onderrigtaal gebly en die onderwysstelsel het steeds die stedelike elite bevoordeel
- Na onafhanklikheid het primêre onderwys en skoolinskrywings het van 1,6 miljoen in 1960 tot 4,6 miljoen in 1974 gestyg/Toe staatsbefondsing deur Mobutu teruggetrek is, moes ouers begin betaal en primêre onderwys het begin om te daal/af te neem
- Onderwysers en hospitaalpersoneel is vir maande lank nie betaal nie as gevolg van swak ekonomiese praktyke
- Enige ander relevante antwoord

**Politieke beleide**

- Koloniale nalatenskap: (as agtergrondinligting)
  - o Paternalisme – die Kongolese is soos kinders behandel – met geen verantwoordelikheid mbt die administrasie of verteenwoordiging in die regering nie;
  - o Politieke partye is verbied en met die vinnige Belgiese onttrekking – as gevolg van die 1959-Leopoldville-opstande – is baie politieke partye (verteenwoordig verskillende streke en etnisiteite) gevorm; politieke partye het volgens streeks- en etniese groeperings gevorm
  - o 120 politieke partye het aan die 1960-verkiesing deelgeneem; geen enkele politieke party het 'n volstrekte meerderheid behaal nie – Patrice Lumumba se Movement National Congolese (MNC) het die meeste setels gewen en, anders as ander streekspartye, het hulle 'n bietjie landswye ondersteuning gehad
  - o Gebrek aan politieke eenheid
- Die Kongo het op 30 Junie 1960 onafhanklikheid verkry met Joseph Kasavubu as President en Patrice Lumumba as Eerste Minister. Joseph Kasavubu het verkies dat die Kongo 'n federale staat is terwyl Patrice Lumumba ten gunste was van 'n sterk sentrale nasionale regering/Lumumba was ook in konflik met Moise Tshombe
- Die Kongo het met baie politieke onstabiliteit begin – met Tshombe wat op afskeiding van Katanga vir hulle eie onafhanklikheid gefokus het

- Mobutu het in 1965 mag by Kasavubu oorgeneem deur 'n coup d'état
- Hy het daarin geslaag om 'n vorm van politieke stabiliteit (op outoritarisme gebaseer) te bring
- Mobutu het in 1967 daarin geslaag om die Katanga-rebellie te keer en sy land 'n nuwe konstitusie as 'n eenpartystaat onder sy party, die Popular Movement for the Revolution (MPR), gegee
- Die Kongo het binne die eerste vyf jaar na onafhanklikheid 'n eenpartystaat geword met alle opposisie onderdruk
- Mobutu het 'n persoonlikheidskultus (Mobutuïsme) ontwikkel
- Mobutuïsme het die Kongo 'n outokratiese staat onder homself as 'n militêre diktator gemaak
- Mobutu is deur die VSA bygestaan omdat hy as 'n antikommunistiese bondgenoot beskou is
- Hy het 'n sterk gesentraliseerde regering geskep en alle aanstellings, bevorderings en die toewysing van staatsinkome beheer
- Hy het 'n beleid van Zaïrenasie, 'n beleid wat vaardige/kundige buitelanders of diegene wat strategiese bestuursposisies beklee het met ongeskoolde plaaslike mense vervang is – wat tot wanadministrasie en wanbestuur in politieke leierskaprolle gelei het
- Hy het nepotisme (kleptokrasie) toegelaat
- Mobutu was lewenslange president tot met sy dood in 2007
- Enige ander relevante antwoord
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING**

*Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet verduidelik tot watter mate verskillende rolspelers suksesvol was om die Swartmagfilosofie te gebruik om in die 1960's diskriminasie teen swart Amerikaners in die VSA te beëindig. Hulle moet hulle argumente met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:
- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur te verduidelik tot watter mate verskillende rolspelers suksesvol was om die Swartmagfilosofie te gebruik om in die 1960's diskriminasie teen swart Amerikaners in die VSA te beëindig. Hulle moet ook in hooftrekke beskryf hoe hulle beoog om hulle argumente te motiveer.

**UITBREIDING**
- Omstandighede in die VSA: (Agtergrondinligting)
  - Swart Amerikaners steeds ekonomies en polities onderdruk/belemmer in die VSA as gevolg van diskriminerende (Jim Crow) wette
  - Gebrek aan gevoel van trots as gevolg van sosio-ekonomiese omstandighede (woon in ghetto's en krotbuurte/swak behuising/onvoldoende geriewe)
  - Swart Amerikaners raak ongeduldig met die stadige pas van verandering en die impak van die Burgerregtebeweging in die 1960's
  - Swart Amerikaners is aan polisiewreedheid onderwerp – lei tot groei van nasionalistiese gevoelens
- Swartmagbeweging het die Swartmagfilosofie verkondig wat die gees van selfgelding, selfstandigheid, Swart Trots, beheer van politiek in eie gemeenskappe (verkondig deur Stokely Carmichael) bevorder het; swart Afrikaners moes hulleself teen polisiewreedheid beskerm; swartes moes vryheid van wit mag nastreef; bevordering van Afrohaarstyl en Afrika-kleredrag en het die slagspreuk 'Black is beautiful' uitgedink
- Malcolm X het selfverdediging teen wit onderdrukking bevorder
- Hy het geredeneer dat bloedvergieting vir rewolusie (swart nasionalisme) nodig was en hy het selfrespek en selfdissipline verkondig
- Bevorder die konsep van 'Black Pride' ('Swart Trots') (selfagting/selfrespek/self-help)
- Moedig swart Amerikaners aan om op enige moontlike manier teen wit Amerikaanse gesag op te staan in die strewe na vryheid, geregtigheid en gelykheid
- Ondersteun die gebruik van geweld as 'n middel van selfverdediging teen diegene wat swart Amerikaners aangeval het
- Stokely Carmichael het geglo dat die geweldlose strategie misluk het as gevolg van die geweld wat teen swart Amerikaners voortgeduur het
- Verkondig die uitsluiting van wit 'liberaliste' as 'n filosofie vir swart Amerikaners
- Hy bevorder een plan om die VSA in aparte swart en wit lande te verdeel
- Hy was teen die VSA se betrokkenheid in die Viëtnam-oorlog

- Bobby Seale en Huey Newton het in 1966 die Black Pantherparty (BPP) vir Selfverdediging – teen polisiewreedheid, gestig
- Die Tienpuntplan is aangeneem om hulle sosiale, politieke en ekonomiese doelwitte vir die opheffing van die swart Amerikaanse gemeenskap te dek
- Die Black Pantherparty het voedingskemas, kindersorg- en geletterdheidsprojekte in swart gemeenskappe bestuur – die voedingskemas het honger onder die jeug uitgewis en leer in skole verbeter
- BPP-geletterdheidsprojekte het ongeletterdheid in die swart Amerikaanse gemeenskappe uitgeroei
- BPP-kindersorgprojekte het na die mediese behoeftes van swart Amerikaners in swart gemeenskappe omgesien
- BPP-lede het strate gepatrolleer om polisie-aktiwiteite (polisieer die polisie) te moniteer en om hulle teen polisiewreedheid te beskerm
- BPP het geëis dat swart geskiedenis in swart skole onderrig word
- Rol van ander aktiviste/ vroue
- Impak: lang en kort termyn doelwitte /die ooglopendste vorms van rassediskriminasie het geëindig
- Rassegeweld en spanning het afgeneem
- Swart Amerikaners is tot openbare ampte verkies
- Behuising en geriewe vir swart Amerikaners is verbeter
- Swart geletterdheid styg en afhanklikheid van staatstoelaes daal
- Regstellende-aksie-beleide vir federale indiensneming is ingestel
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou